

14 Januarie

Teksgedeelte: 1 Samuel 4:10-22; 6:1-17:1 (OAV)

Fokusgedeelte: 1 Samuel 4:21, 22; 6:5, 19, 20 (OAV)

God eis eerbied van elkeen

Pinehas se vrou is nie soos die ander vroue bly as haar kindjie gebore word nie. 'n Eenaardige naam word gegee: *Ikabod*, weggevoer is die eer uit Israel (4:21, 22). Haar man sterf oneervol op die slagveld; haar skoonpa sterf onwaardig. Om alles te kroon, val die ark van die Here in die hande van 'n onheilige volk!

Die ark van die Here is die sigbare teken van God se teenwoordigheid. Die priesters moet dit met soveel respek en eerbied behandel dat hulle selfs nie met hulle hande daaraan mag raak nie. Daarvoor is daar dringende en draaghoute. Die ark is die plek waarvandaan God met sy volk praat (Eks 25:22).

Waar is die Here se eer as die Israeliete God wil manipuleer as hulle oorlogsgod wat oorwinning moet gee op hulle tyd? Of as die Filistyne God op 'n gelyke voet met die afgode wil plaas? Of as ek met minderwaardige toewyding die Here kamstig wil dien? Of Hom met nikswerd dankoffers wil vermaak (Mal 1:6-8)?

Die Filistyne het die almag van God leer ken (5:3, 4) en daarom sê hulle: "... gee eer aan die God van Israel" (6:5). Verbasend genoeg kyk die volk van God sonder respek nuuskierig na die ark van die Here (6:19). Eers nadat God 5 000 laat sterf, vra hulle (6:20): "Wie kan diens doen voor die heilige God?" Psalm 24:3-6 gee die antwoord: Slegs dié wat rein van hande, suiwer van hart is en na God vra en in opregtheid sy aangesig soek. In Johannes 3:18 lees ons: "Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie..." God het sy eniggebore Seun gegee, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh 3:16). Só moet die Here met ware geloof geëer word!

Sing: Skrifberyming 8:1, 2 Ds AH Stavast (Mosselbaai)